



9 Oktober 2023

Geagte Ouers

Bloemhof Hoër Meisieskool, Hoërskool Stellenbosch, Parel Vallei Hoërskool, Paul Roos Gimnasium

BESTELSEISOEN VIR 2024

GEWYSIGDE MODEL:

- Tweedehandse boeke word nie meer aangebied nie.
- Die bestelseisoen is vervroeg na 'n datum vroeg in Oktober.
- Bestellings word vanaf November aaneenlopend uitgevoer.

Ons glo dat indien ouers so vroeg moontlik bestel sal na-sendings aansienlik verminder. Met elke vroegtydige bestelling wat geplaas word kan ons onmiddellik sien waar voorraad aangevul moet word.

VOORDELE VAN 'N VROEË BESTELLING:

- Uitgewers / verspreiders voer nie meer oorsese titels in dieselfde groot getalle in soos in die verlede nie.
- Sommige van die uitgewers / verskaffers sluit oor die feesseisoen, wat aflewering aan ons aansienlik vertraag.
- Indien daar na-sendings is, is daar gewoonlik genoeg tyd om die boeke betyds te bekom voordat die skooljaar begin.

AANLYNBESTELLINGS:

www.oompolla.co.za

Die bestelseisoen vir 2024 begin op 9 Oktober.

Diue aanlynbestellings sal aaneenlopend beskikbaar wees tot die einde van die tweede kartaal 2024, waarna dit sal sluit terwyl ons voorberei vir die volgende jaar.

Vir hulp met die plasing van bestellings en/of kontant betaling, kan u ons besoek by Santhangeweg 10, Devonvallei, Stellenbosch. Hou in gedagte dat so 'n betaling by die winkel moet geskied kort nadat die bestelling geplaas is, ten einde die bestelling te aktiveer op ons stelsel.

OOOR-DIE-TOONBANK VERKOPE:

Dit neem 'n aanvang op 29 Januarie 2024 en kan gedoen word tot die einde van die derde kwartaal 2024.

BELANGRIK:

- **Slegs BETAALDE bestellings** kan uitgevoer word. U bestelling val eers in ry nadat betaling plaasgevind het.
- Soos gestipuleer in die Terme en Voorwaardes op ons webtuiste, bestel ons goedere namens u indien daar nie genoegsame voorraad is nie. Sulke na-sendings kan gewoonlik binne 'n kort tyd uitgevoer word. Indien 'n titel egter in herdruk is, kan dit heelwat langer neem. Dieselfde geld vir oorsese titels.
- Na-sendings kan nie gekanselleer word nie. Dit is in goedertrou vir u bestel in 'n poging om aflewering te bespoedig.

ONTVANGS VAN BESTELLING:

- Per koerier indien so aangedui of bestelvorm. Na-sendings op koerier-bestellings geplaas gedurende Oktober en November, sal aan u gestuur word per koerier teen geen ekstra koste.
- Self-Afhaal bestelling word by Oom Polla afgehaal so gou moontlik nadat u verwittig is dat dit gereed is.

NA-SENDINGS

Na-sendings is titels wat nie in voorraad is wanneer die bestelling uitgevoer word nie. Dit word vir u bestel, en kan nie gekanselleer word nie.

Vriendelike Groete

DIE OOM POLLA SPAN